#MYSKOOL

AANLYN HULP

vir matrieks



REKENINGKUNDE

LES 8: KONTANTVLOEISTAAT

(Nota 1 verduideliking)

Die Kontantvloeistaat

(Maatskappy se naam)

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG (datum)

Dividende betaal	3	(XX)
Inkomstebelasting betaal	4	(XX)
Kontantinvloede van beleggingsaktiwiteite		**(XXX)**
Aankope van nie-bedryfsbates/vaste bates	5	(XXX)
Opbrengs uit nie-bedryfsbates/vaste bates		XXX
Belegging verval		XXX
Belegging geplaas/vermeerder		(XXX)
Kontantinvloede van finansieringsaktiwiteite		**XXX**
Opbrengs uit aandele uitgereik		XXX
Terugkoop van aandele		(XXX)
Opbrengs uit langtermynlenings		XXX
Betaling van langtermynlenings		(XXX)
Netto verandering in Kontant en kontantekwivalente	2	**XXX**
Kontant- en kontantekwivalente aan begin van die jaar	2	**XXX**
Kontant- en kontantekwivalente aan einde van die jaar	2	**XXX**

NOTA 1: KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHEDE

NOTA 1

Waardevermindering	XXX
Rente-uitgawe	XXX
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapiaal	**XXX**
Kontantinvloede van verandering in bedryfskapitaal	**XXX**
Toename/afname in voorraad	XXX
Toename/afname in ontvangbare bedrae	XXX
Toename/afname in betaalbare bedrae	XXX
	XXX

DEEL 1

DEEL 2

Nota 1: Kontant gegenereer deur bedrywighede (deel 1)

- Om dit makliker te verstaan, verduidelik ons hierdie nota in twee dele.
- Die eerste deel gaan oor die bepaling van:
  - Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal
- Om hierdie afdeling van die Nota te voltooi, gebruik ons die volgende inligting uit die Inkomstestaat vir die huidige finansiële jaar:
  - Netto wins voor belasting
  - Waardevermindering
  - Rente-uitgawe
- Ons bereken die “bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal", as volg:
  - Ons begin met die Netto wins voor belasting
  - Ons tel dan die Waardevermindering daarby terug
  - Ons tel dan die Rente-uitgawe terug
  - Die totaal is gevolglik die: Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal

Waardevermindering is ’n **nie-kontantitem** en is dus **nie op kontantvloei van toepassing nie**.

Rente-uitgawe moet **afsonderlik openbaargemaak word** op die "vooraansig" van die Kontantvloeistaat.

Voorbeeld: Deel 1 – Berekening van bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal

Inligting:

Uittreksel uit die Inkomstestaat van Dlamini Bpk vir die jaar geëindig 30 Junie 2019:

- Waardevermindering R22 000
- Rente-uitgawe R11 800
- Netto wins voor belasting R52 000

Opdrag:

Gebruik die inligting hierbo om die bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal te bereken.

Oplossing:

Berekening van bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal

Netto wins voor belasting	52 000
Aansuiwering vir:	
Waardevermindering	22 000
Rente-uitgawe	11 800
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	**85 800**

Waardevermindering word **teruggetel**
(as dit 'n nie-kontantitem is)

Rente-uitgawe word **teruggetel**
(dit moet afsonderlik openbaargemaak word)

Deel 1 ✓

Nota 1: Kontant gegenereer deur bedrywighede (deel 2)

- Die tweede deel gaan oor die bepaling van: Veranderinge in die bedryfskapitaal
- Bedryfskapitaal is eenvoudig: Bedryfsbates min bedryfslaste
- Vir die doeleindes van die Kontantvloeistaat:
  - Bedryfsbates sal slegs Voorraad (Inventaris) en Handels- en ander ontvangbare bedrae insluit.
  - Bedryfslaste sal slegs Handels- en ander betaalbare bedrae insluit.
- Kontant- en kontantekwivalente en Oortrokke bank word afsonderlik ontleed.
- Om hierdie afdeling van Nota 1 te voltooi, benodig ons inligting uit die volgende Notas tot die Finansiële State vir twee opeenvolgende jare:
  - Voorraad (inventarisse)
  - Handels- en ander ontvangbare bedrae
  - Handels- en ander betaalbare bedrae

Ons sal hierdie items later in die hoofstuk bespreek.

Nota 1: Kontant gegenereer deur bedrywighede (deel 2) (vervolg)

Ons bereken die “veranderinge in bedryfskapitaal" deur die begin- en eindsaldo's van die volgende te vergelyk:

- Voorraad (inventarisse)
- Handels- en ander ontvangbare bedrae
- Handels- en ander betaalbare bedrae
- Die som van hierdie veranderings is die: Veranderinge in bedryfskapitaal

SAID (Inkomstebelasting) moet **weggelaat** word. (Dit word apart in ’n ander nota ingesluit.)

SAID (Inkomstebelasting) en **Aandeelhouers vir dividende** moet **weggelaat** word. (Hierdie items word apart in ander notas ingesluit.)

Die diagram toon die invloed van bedryfskapitaal op kontant:



Nota:

- ’n **Uitvloei van kontant** het ’n **negatiewe invloed** op kontantvloei en word dus **tussen hakies** getoon: bv. (R10 000)
- ’n **Invloei van kontant** het ’n **positiewe invloed** op kontantvloei en word **sonder hakies** getoon: bv. R10 000

Voorbeeld: Deel 2 – Om veranderinge in bedryfskapitaal te bereken

Inligting: Uittreksel uit die Notas tot die Finansiële State van Dlamini Bpk op 30 Junie:

4. VOORRAAD (INVENTARISSE)	2019	2018
Handelsvoorraad	164 400	133 800
Verbruiksgoedere voorhande	600	200
	165 000	**134 000**

5. HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE	2019	2018
Handelsdebiteure	68 300	75 600
Voorsiening vir oninbare skulde	(3 415)	(3 780)
Netto handelsdebiteure	64 885	71 820
Vooruitbetaalde uitgawes	810	680
Opgelope inkomste (ontvangbaar)	560	720
	66 255	**73 220**

6. HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE	2019	2018
Handelskrediteure	62 000	85 000
Opgelope uitgawes (betaalbaar)	514	1 210
Vooruitontvange inkomste (uitgestel)	1 200	1 100
Aandeelhouers vir dividende	12 000	10 000
SAID – Inkomstebelasting	4 110	3 480
	79 824	**100 790**

Hierdie items word weggelaat.

Opdrag:

Bereken die veranderinge in bedryfskapitaal en die kontant gegenereer uit bedrywighede.

Bewerkings:

Verandering in voorraad: vermeerder van 2018 to 2019.

Toename in voorraad = 165 000 – 134 000 = **31 000**

kontantuitvloei

Verandering in ontvangbare bedrae: verminder van 2018 to 2019.

Afname in ontvangbare bedrae = 73 220 – 66 255 = **6 965**

kontantinvloei

Verandering in betaalbare bedrae: verminder van 2018 to 2019.

Afname in betaalbare bedrae = (85 000 + 1 210 + 1 100) – (62 000 + 514 + 1 200) = **23 596**

kontantuitvloei

Voorbeeld: Deel 2 – Om veranderinge in bedryfskapitaal te bereken (vervolg)

Oplossing:

NOTA 1: KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHEDE

Netto wins voor belasting	52 000
Aansuiwering vir:	
Waardevermindering	22 000
Rente-uitgawe	11 800
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapiaal	**85 800**
Kontantinvloede van veranderinge in bedryfskapitaal	**(47 631)**
Toename in voorraad (165 000 – 134 000)	(31 000)
Afname in ontvangbare bedrae (73 220 – 66 255)	6 965
Afname in betaalbare bedrae (85 000 + 1 210 + 1 100) – (62 000 + 514 + 1 200)	(23 596)
Kontant gegeneereer uit bedrywighede	**38 169**

Hierdie afdeling van Nota 1 is in die vorige voorbeeld voltooi.

Kontantuitvloei in hakies

Kontantinvloei sonder hakies

Kontantuitvloei in hakies

Nota:

- **Voorraad** het met R31 000 **vermeerder**. Dit beteken die maatskappy het meer voorraad voorhande en **sou gedurende die jaar meer gekoop het**, wat sou gelei het na 'n **uitvloei van kontant**.
- **Ontvangbare bedrae** het met R6 965 **verminder**. Dit beteken **meer debiteure** het hulle skuld betaal, wat gelei het na 'n **invloei van kontant**.
- **Betaalbare bedrae** het met R23 596 **verminder**. Dit beteken meer **kontant is betaal aan** krediteure, wat gelei het tot 'n **uitvloei van kontant**.

Deel 2

HOE MAAK ONS DIT MEER GEKOMPLISEERD?

Waardevermindering	XXX
Rente-uitgawe	XXX
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapiaal	**XXX**
Kontantinvloede van verandering in bedryfskapitaal	**XXX**
Toename/afname in voorraad	XXX
Toename/afname in ontvangbare bedrae	XXX
Toename/afname in betaalbare bedrae	XXX
	XXX

NW na belasting word gegee

Waardevermindering word as ? gegee

Rente gekapitaliseerd en moet bereken word

Ekstra inskrywings word gegee

Ekstra inskrywings word gegee